education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 10

## BESIGHEIDSTUDIES V1

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Testpapers.co.za
Past exam papers Summaries Study Guides

Kopiereg v asseblief

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die DRIE vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die TWEE vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B gekies is en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C, nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|---|
| **A:** | **Doelwittipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| **B:** | **DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **70** |
| | | **3** | **40** | |
| | | **4** | **40** | |
| **C:** | **TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord slegs EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | | **6** | **40** | |
| **TOTAAL** | | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Die besigheid het volle beheer oor die … omgewing.

A mikro
B makro
C mark
D eksterne

1.1.2 Finah Supermark werk in die … sektor omdat hulle kruideniersware aan kliënte verkoop.

A sekondêr
B tersiêre
C primêre
D publieke

1.1.3 Hierdie vlak van bestuur is verantwoordelik vir hoë produktiwiteit, tegniese bystand en motivering van werknemers.

A Algemene bestuur
B Laer vlak bestuur
C Topvlak bestuur
D Middelvlak bestuur

1.1.4 Die proses om doelwitte te stel en strategieë te ontwikkel staan bekend as ...

A organisering
B beheer
C beplanning
D leierskap

1.1.5 … sluit in die stel van teikens/meting van prestasie en die neem van regstellende maatreëls.

A Gehalte
B Gehaltebeheer
C Gehaltesirkels
D Gehalteversekering

(5 × 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| kultuur; | globale; | bedryfskapitaal; | struktuur; | missiestelling: |
| beplanning; | visie; | organisering; | ekonomies; | vaste kapitaal |

1.2.1 Die … word gebruik om langtermyn kapitaalbehoeftes van die besigheid te finansier.

1.2.2 'n Proses om 'n plan in 'n aksie op te breek staan bekend as ...

1.2.3 Die … is 'n stelling wat verduidelik wat die onderneming beoog om te bereik.

1.2.4 Die norme, waardes en verwagtinge is voorbeelde van organisatoriese …

1.2.5 Die … omgewing verwys na 'n toename in handel en belegging tussen lande. (5 × 2) (10)

1.3 Kies die beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – J) langs die vraagnommers (1.3.1 – 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Finansiële funksie | A verseker dat daar 'n goeie kommunikasie tussen die besigheid en sy belanghebbendes is |
| 1.3.2 Nasionale Verbruikerskommissie | B alle aangewese rassegroepe moet dieselfde geleenthede hê ten spyte van hul kleur, geloof en geslag |
| 1.3.3 Openbare betrekkinge | C stel die bronne vas vir die verkryging van die kapitaal |
| 1.3.4 Inklusief | D beskerm die ekonomiese welsyn van die verbruikers |
| 1.3.5 Strategie | E bevorder die ontwikkeling van 'n kredietmark wat vir alle Suid-Afrikaners toeganklik is |
| | F neem in ag ander uitgawes van kliënte |
| | G 'n mate waarin mense nie dieselfde geleenthede het nie en verskillend behandel word weens hul sosiale status |
| | H ‘n plan van aksie wat deur topbestuur geneem word om hul doelwit te bereik |
| | I 'n meganisme wat gebruik word om 'n plan uit te voer |
| | J koop in grootmaat en onderhandel vir afslag |

(5 × 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy, ens.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem enige VIER komponente van mikro-omgewing. (4)

2.2 Beskryf kortliks die doel van organisasiekultuur. (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**HANDA VERVAARDIGERS (HM)**

Handa Manufacturers spesialiseer in die vervaardiging van damesklere en handsakke. HM is geleë in 'n gebied waar daar 'n hoë koers van misdaad is. Peter, een van die werknemers is nie produktief nie as gevolg van 'n siekte wat sy immuunstelsel benadeel.

2.3.1 Haal TWEE voorbeelde van sosio-ekonomiese kwessies uit die scenario hierbo aan. (2)

2.3.2 Verduidelik die negatiewe impak van voorbeelde van sosio-ekonomiese kwessies wat in VRAAG 2.3.1 geïdentifiseer is. (6)

2.4 Bespreek moontlike oplossings vir werkloosheid. (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**JAY BOSBOU PLANTASIE (JBP)**

Jacob is die stigter van Jay Bosbou Plantasie. Hy is die hoofverskaffer van hout in Zeerust. JBP het kapitaal by Cazet Bank geleen om hul uitgawes te finansier.

Identifiseer TWEE besisheidsektore wat deur JBP verteenwoordig word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.5 te beantwoord

| BESIGHEIDSEKTORE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| | |
| | |

(6)

2.6 Verduidelik die onderlinge verband tussen besigheid en verbruikers. (4)

2.7 Adviseer besighede oor die belangrikheid van die formele sektor. (6)
**[40]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

3.1 Noem enige DRIE faktore wat die organisasiestruktuur beïnvloed. (3)

3.2 Beskryf kortliks die kwaliteit-aanwysers van menslike hulpbronfunksie. (6)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MERCY HAARSALON (MH)**

Mercy is die eienaar van Mercy Haarsalon. Sy het onlangs Gontse aangestel om haar by die salon by te staan. Gontse verseker dat betroubare inligting beskikbaar is vir besluitneming.

3.3.1. Identifiseer die besigheidsfunksie wat deur MH toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.3.1 te beantwoord.

| BESIGHEIDSFUNKSIE | MOTIVERING |
|---|---|
| | |

(3)

3.3.2 Verduidelik die doel van die besigheidsfunksie wat in VRAAG 3.3.1 geïdentifiseer is. (6)

3.4 Bespreek die gehalte-aanwysers van finansiële funksie. (6)

3.5 Onderskei tussen eksterne en interne openbare betrekkinge. (4)

3.6 Verduidelik die gehalte-aanwysers van die algemene bestuursfunksie. (6)

3.7 Evalueer die verband tussen bestuur en die sukses van die onderneming in die bereiking van sy doelwitte. (6)
**[40]**

**VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**

**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

4.1 Verduidelik die betekenis van makro-omgewing. (4)

4.2 Beskryf kortliks die die redes waarom die ekonomiese omgewing ‘n uitdaging vir besighede is. (4)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NAIDOO VARS HUB (NVH)**

Naidoo Vars Hub is bekend vir die verkoop van vars vrugte en groente. NVH koop hul voorraad van Zakes Plaas. Naidoo Fresh Hub het baie van hul kliënte verloor aan Mense-Mark wat ook vrugte en groente verkoop maar teen laer pryse.

4.3.1 Identifiseer TWEE komponente van markomgewing wat op NVH van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.3.1 te beantwoord.

| KOMPONENTE VAN MARKOMGEWING | MOTIVERINGS |
|---|---|
| | |
| | |

(6)

4.4 Evalueer die redes waarom mededinging 'n uitdaging vir besighede inhou. (6)

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

4.5 Noem enige TWEE aktiwiteite van die administrasie funksie. (2)

4.6 Beskryf kortliks die belangrikheid van openbare betrekkinge. (6)

4.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ROLEX ELEKTRONIKA (RE)**

Rolex Electronics is bekend daarvoor dat hulle gehalte produkte verkoop. Rolly, die eienaar van RE, het genoem dat gehalte sy besigheid in staat stel om 'n goeie reputasie te hê en handelsmerkbewustheid bevorder. RE het ook welwillendheid en ondersteuning van die gemeenskap gekry.

4.7.1 Haal TWEE belangrikhede van gehalte in die besighede aan uit die scenario hierbo. (2)

4.7.2 Verduidelik ander belangrikhede van gehalte in die besighede. (6)

4.8 Bespreek die verskil tussen gehaltebeheer en gehalteversekering. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op DIE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (SOSIO-EKONOMIESE KWESSIES)

Sosio-ekonomiese kwessies soos stakings en politieke steurings het 'n negatiewe impak op besighede. Dit is van kardinale belang dat bestuur verstaan waarom sosio-ekonomiese kwessies as 'n uitdaging in hul bedrywighede dien en hulle moet ook maatreëls in plek stel om op daardie uitdagings te reageer. Besighede moet mense van verskillende aangewese groepe in diens neem.

Met die bogenoemde stelling in gedagte, skryf 'n gedetailleerde opstel oor die volgende aspekte:

- Verduidelik die betekenis van stakings.
- Bespreek die negatiewe impak van stakings en politieke steurings op besighede.
- Beskryf kortliks die doel van inklusiwiteit in die werkplek.
- Adviseer bestuur oor redes waarom sosio-ekonomiese kwessies 'n uitdaging vir besighede stel.

**[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (BESIGHEIDSFUNKSIES)

Die aankoopfunksie speel 'n belangrike rol in die aankoop van gehalte grondstowwe en dienste vir die besigheid. Die aankoopbestuurder moet verseker dat die besigheid genoeg kapitaal het en die aankoopprosedure volg om 'n bestelling te plaas. Die Nasionale Kredietwet beïnvloed die besigheid beide positief en negatief.

Skryf 'n opstel oor die volgende aspekte:

- Beskryf die doel van die aankoopfunksie.
- Verduidelik die verskille tussen kredietbetaling en kontantbetaling.
- Bespreek die aankoopprosedure.
- Adviseer besighede oor die impak van die Nasionale Kredietwet op besighede.

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL 150**

Kopiereg voorbehou